Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

28 Julie 2013

OGGENDDIENS: ds Karel

Skriflesing: Markus 10:17-31
Teksverse: Markus 10:22
Tema: Kinders, watter besittings het julle regtig?

Vooraf sang
Lied 525:1, 3 en Ps. 33-1:8, 11

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 151:1, 2; Votum; Seën; Loflied Lied 334:1, 2, 4; Geloofsbelydenis (Apostolies); Bevestig belydenis: Ps. 62-2:1, 3, 5

Woorddiens
Gebed; Skriflesing; Sing: Sb. 2-4:1, 2, 3; Woordverkondiging

Verootmoedigingsdiens
Wet Sb. 9-1:1 (almal sing), 2 (mans sing), 3 (dames sing), 4 (almal sing),
5 (voorgelees), 6 (almal sing), 7 (mans sing), 8 (dames sing), 9 (voorgelees),
10-11 (almal sing)

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Gebed vir Bediening na Buite; Sing Sb. 9-3:1, 2; Seën; Sing Sb. 13-3

GESAMENTLIKE AANDDIENS - BULT
ds Fanie Coetzee

MEELEWING

- Tannie Henny Wijnberg was in Medi-kliniek opgeneem vir ‘n mediese prosedure en sterk reeds tuis aan.
- Hanneri Coetsee was in ‘n motorfietsongeluk en het haar elemboog gekraak en ander kneuswonde opgedoen. Ons is dankbaar die Here het haar lewe bewaar.
- Oom Ab Yssel het ‘n kankergewas aan sy een nier en ons bid hom en tannie Kinnie sterkte toe met die behandelingspad wat voorlê.
- Lou Venter was die afgelope week steeds bedgebonde na sy oogoperasie en sal hopelik komende week meer op die been kan wees.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap en herstel sal gee.

ONS DINK OOK AAN DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Br Hennie vd Berg, Sr Sannie Reyneke, Sr Filina Coetsee, Sr Marianne Kruger,
Sr Bettie Ras, Sr Janet vd Walt, Sr Nella Swanepoel en Sr Hennie Wijnberg.

ONS VERWELKOM GRAAG

Adri Mans wat opgeneem word in ons gemeente. Sy woon in Villa Juanè nr 3, wyk 10.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel vir:

Anna Smith	082 765 9813
Marian de Kock	082 950 4358
Marique Reichel	082 657 4508
Annatjie Grobler	073 258 7833/ 018 290 9974
Marietjie Venter	082 852 6870/ 018 290 6266

of e-pos siekes@oosdoppers.co.za

AFKONDIGINGS

Die volgende aktiwiteite vind DV hierdie week plaas:

Vandag
09:30 Gebedsgroep
10:00 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie
Tee en koffie
17:45 Gesamentlike Jeugaand by die Bult
18:00 Gesamentlike aanddiens by die Bult

Maandag
17:15 Katkisasie (Gr 9)
19:00 Gebed en Ondersteuningsgroep

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
18:00 Wyksusters
18:30 Ouderlinge gebedsgroep

Woensdag
09:30 Bybelstudie
16:30 Katkisasie (Gr 10)
17:15 Katkisasie (Gr 8 en Gr 11)
19:00 Bybelstudie
19:00 Beginpunt

Donderdag
09:30 Carritas

Saterdag
9:00 Jeuguitstappie na Kohra Leeuplaas naby Stilfontein

Ds Karel en Susan met verlof

Na drie maande waartydens ds Karel die "gemeentewa" alleen moes trek, verdien hy 'n ruskansie. Hy en Susan gaan met verlof vanaf 29 Julie tot 14 Augustus. Geniet dit!

GESAMENTLIKE JEUGAAND VANAAND OM 17:45

Die laerskooljeug tot met gr 6 gaan voort met hulle tema: Soldaat vir Christus en hulle fokus hierdie keer op **geloof as skild** van die soldaat.

Die hoërskooljeug:

Waarom gebeur slegte dinge met goeie mense?
Hoe bly ons hoop in 'n wêreld wat lyk of dit hopeloos is? Ons sien soveel pyn elke dag rondom ons en kan soms nie anders as om te wonder waar is God en waarom laat hy sulke dinge vandag toe nie. Waarom gebeur slegte dinge met goeie mense? Die waarheid is dat die onsekerheid en lyding van vandag nie 'n nuwe ding is nie. Ons broers en Susters in die Bybel moes reeds lank voor ons op die harde manier geleer het dat God nogsteeds die hele wêreld in Sy hande vashou. Hou Hy jou lewe in sy hande?
As jy al ooit hieroor gewonder het kom gesels saam met ons hieroor **volgende Sondag aand, die 28ste Julie. Ons begin reeds 17:45 in die G5 koffie kamer by Bult gemeente, terwyl die bestuur van die gesamentlike jeugdiens reeds om 17:15 bymekaar kom.**

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV dié week verjaar!

Sondag, 28 Julie

Br Ab Yssel (84)	082 078 4608
Br Paul du Plessis	084 504 6640

Maandag, 29 Julie

Br Riaan Andersen	081 543 8793
Sr Anette de Villiers	074 237 5697
Sr Duolene Leach	082 677 9808
Br Hennie Halgryn	071 483 9224

Dinsdag, 30 Julie

Sr Lara Badenhorst	082 440 1776

Woensdag, 31 Julie

Br Louis Abrie	078 708 8804

Donderdag, 1 Augustus

Br JD Aucamp	084 500 4221
Charlotte Coetsee	083 757 1201

Vrydag, 2 Augustus

Br Braam Coetsee	082 564 0244

Saterdag, 3 Augustus

Sr Adèle Delport	082 532 8658

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid.
- Gawe by die deure vanoggend vir Teologiese bib. fonds en vanaand vir die Jeugfonds.
- Gawe volgende Sondag vir die SDDS Kinderhuise
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies by deure gesit word.
- Diensbeurte: Wyk 25 en 26.

GEMEENTEFOTOS EN PROFIELE

Die kommunikasiekommissie wil graag fotos en ‘n profiel van elke gesin kry. Ons wil graag vanaf Augustus dit op die groot skerm wys voor die eredienste sodat die gemeente mekaar beter kan leerken. Daar word versoek dat gesinne ‘n gesinsfoto vir die kerkkantoor stuur met ‘n kort bekendstelling van die lede van die gesin. Kontak gerus u diaken/ouderling vir hulp as u nie die vermoë het om ‘n foto of profiel te stuur nie.

GEMEENTE FOKUSTYD

Van **11 Augustus tot 15 September 2013** (vyf weke) gaan ons as gemeente `n Fokustyd neem om onsself in te fokus op die beginsels wat ons as gemeente vir ons bediening neergelê het. Ons gaan dit doen op die volgende maniere:

- Deur persoonlike bybelstudies vir elke lidmaat of gesin
- Deur bybelstudiegroepe wat regdeur die week vergader
- Deur die prediking en eredienste op Sondae in te fokus op elkeen van hierdie beginsels.

Daar is reeds `n bundel met meer as 40 persoonlike bybelstudies uitgewerk wat ons in hierdie fokustyd gaan deurwerk. Elkeen van die vyf beginsels word op hierdie manier in detail deurgewerk.

Daar is ook reeds ongeveer 20 verskillende bybelstudiegroepe (bestaandes en nuwes) waarby elkeen van ons kan aansluit. Hierdie groepe se inligting, saam met `n foto van die gasouers, is beskikbaar in die Skuur. Indien jy graag ook `n gasouer wil wees, stuur asseblief jou inligting deur aan Adele by die kerkkantoor of aan een van die predikante.

Baie belangrik: Lidmate wat reeds aan <u>bestaande kleingroepe of Bybelstudiegroepe</u> deelneem gaan rustig daarmee voort. Jy hoef nie by ‘n ander groep in te skakel nie, maar ons vra wel dat jy asseblief jou naam by die bestaande groep gaan inskryf. Al die groepe gaan in die Fokustydperk weekliks vergadering en saam die stof deurwerk.

Laastens gaan ons ook elke week, tydens die eredienste, fokus op elkeen van hierdie beginsels:

Dat Potchefstroom-Oos

- ’n Woordgedrewe en Christus gesentreerde gemeente sal wees.
- die persoonlike geloofsgroei van elke lidmaat bevorder.
- ’n biddende gemeente sal wees.
- leiers vir vandag en more ontwikkel.
- lidmate saambind in opbouende onderlinge verbondenheid (meelewing).

Ons wil regtig elke lidmaat aanmoedig om in te skakel vir hierdie fokustyd! Dit beloof om `n onvergeetlike geloofsgroei geleentheid te wees.

HUWELIKS- EN GESINSVERRYKINGSPROGRAM

Die tema vir eerskomende Donderdagaand, 1 Augustus, se byeenkoms is ***Interaksiestyle in die huwelik***. Die program word elke 2de Donderdagaand, 19:00 – 20:00, in die Kerkkantoor van die NG Kerk Bult-gemeente in Esselenstraat, aangebied.
Die program is gratis. Bring asb. 'n pen en papier saam.
Chris Venter

OUDERLINGE KONFERENSIE

‘n Ouderlinge konferensie word op 7 September 2013 by GK Warmbad aangebied. Daar is ‘n lys in die voorportaal van die Skuur waar die ouderlinge asb hul name kan opskryf indien hulle dit kan bywoon.

KENNISGEWINGBORD

- Riviertoer
- Studentewoonstel benodig
- Leë eierhouer

KERMIS - HUIS ANNA VILJOEN

Huis Anna Viljoen nooi almal uit na hul kermis, 2 Aug om 09:00 - 14:00 te Ben Pienaarstr 3, Bailliepark. Ondersteun ons en kom geniet Kerrie en Rys, Pannekoeke, Koek, Gebraaide wors, ens. Ons bejaardes sal dit geniet en waardeer!

KOMBERSE PROJEK 2013

Ons vra weer vir komberse, oud of nuut, klein of groot. Al is die winter nog nie so koud nie is daar tog nood. Die jeug gaan weer komberse uitdeel. Die komberse moet asb voor einde Julie by die kerkkantoor afgegee word.

DANKIE

Baie dankie vir u meelewing en onderskraging aan ons gesin terwyl ons gesukkel het met gesondheid.
Jaco, Engela en kinders

VENTERS GROET

Potchefstroom-Oos gemeente het vir meer as 40 jaar vir ons ‘n geestelike tuiste gebied. Hier het ons die onderlinge meelewing en samesyn van mede-gelowiges intens beleef. Kon ons, ons lief en leed, vreugde en geluk, voor-en-teëspoed met groot vrymoedigheid deel. (Van knie-vervangings tot Olifant probleme.)
Baie dankie vir soveel vriende wat ons hier gemaak en ons lewenspad gekuir het. Ons gaan u almal terdeë mis. ‘n Spesiale woord van dank aan Ds Piet, Karel en ds Hessel asook hulle wederhelftes vir die besondere rol wat hulle in ons lewe gespeel het. Ook vir die wyse waarop die bediening van die Evangelie in Potch-Oos geskied.
Aan ons kleingroepie “Oeps”, baie, baie dankie vir elkeen van julle se invloed op ons lewe.
Ons nuwe tuiste is: MC Augusta Crecent no 3, Retire @ Midstream, Midlands Estate, Midrand. (GPS posisie: 22º 55’ 41’’S en 28º 11’ 27’’ E)
Ons groet u in Christus, Japie en Marietjie

UIT DIE PEN VAN STEPHAN JOUBERT “HET DIE TOEKOMS `N KERK?”

Toe gebeur die digitale era hier reg onder ons neuse. (Of is dit op ons rekenaars en selfone?) Hier in 2013 word 154,6 biljoen epos boodskappe reeds daagliks rondgestuur vanaf 3,6 biljoen epos adresse. In Junie was daar 1,1 biljoen geregistreerde Facebook gebruikers en 555 miljoen Twitter gebruikers. Ook het 2,200,000 boeke oor die afgelope jaar die lig gesien. Amazon vertel egter vir

ons dat vir elke papierkopie daar tans 1,4 boeke elektronies verkoop word. Tussendeur spandeer mense sonder moeite 40 uur per week voor die TV. Tieners en jongmense wy op hulle beurt tot soveel as 50 ure per week aan rekenaarspeletjies.

In hierdie nuwe wêreld is die vraag na die toekoms van die kerk niks nuuts nie. Hoe gebeur kerk in ’n digitale wêreld waar daar dikwels net sprake is van omgee vanaf ’n afstand? Te midde van statistiek wat vertel van krimpende kerkgetalle wêreldwyd moet ons dalk hierdie vraag omdraai en vra: “Het die toekoms ooit nog ’n kerk?”

Wel, hier’s goeie nuus. Christus hou steeds sy losgekoopte mense styf in sy eie hand vas. In Matteus 16 gee Hy ons die versekering dat nie eens die poorte van die doderyk sal triomfeer teen die belydenis dat Hy die Christus is nie. Daarom dat die ware kerk nog altyd te midde van enigiets vanaf vervolging tot sekularisasie voortbestaan het.

O ja, Christus het nie gesê Hy hou die omhulsels in stand waarin sy kerk gegiet word deur verskillende kerklike denominasies nie. Geboue, eiendomme, musiekinstrumente, salarisse, formele strukture en vergaderings is wel belangrik op grondvlak, maar die ware kerk kan ook hiersonder bestaan. Elke keer in die geskiedenis wanneer die kerk onder druk was, het Jesus se mense effektief hiersonder gefunksioneer.

Miskien verwar ons kerklike omhulsels met die ware belydenis van die kerk. Ons dink dat as sekere kerklike omhulsels in onbruik verval, dan is die kerk ook daarmee heen. Nee, die kerk is regtig eers in gevaar wanneer mense ophou om te bely Jesus is die Here. Rooi ligte flikker as mense ophou om God en ander onvoorwaardelik lief te hê. Dalk moet ons weer besef wat is die essensie van kerkwees en wat is kantlynsake... en ons prioriteite hiervolgens aanpas.

BEROEPE NUUS

BEROEPE ONTVANG

- Ds CJ van Heyningen van Stellenbosch na Rietvallei as medeleraar

FACEBOOK

Ons herinner ons gemeente en jeug graag dat ons ‘n “Facebook”blad het wat julle kan besoek. Gaan loer bietjie by https://www.facebook.com/oosdoppers en “like” ons bladsy.

PROJEKTE

BILTONGKUIERAAND 26 JULIE 2013

Baie dankie aan die Biltongkomitee en al die gasvrouens wat ‘n heerlike kuier-aand vir ons moontlik gemaak het. Dankie aan al ons gaste wat die aand saam met ons kom geniet het - dit was soos gewoonlik ‘n onvergeetlike aand!

Wat gebeur by die Kersmarkkomitee?

Ons kersmarkkomitee is al volstoom besig, al voel die Kersmark nog so ver!
Die keuring van die uitstallers is agter die rug, en ons is al klaar opgewonde oor die verskeidenheid uitstallers en nuwe uitstallers wat hulle talente en gawes met ons kom deel.
Die versieringskomitee het ook al koppe bymekaar gesit om vir die kersmark 'n nuwe baadjie aan te trek en kan met opgewonde harte sê, julle beter dit nie misloop nie!
Borge en bemarking bly maar altyd kardinaal in so groot projek - so as jy belangstel om jou gawes in te span vir so goeie doel kan jy gerus enige kersmark komiteelid nader!
Hou die kersmark se webtuiste en Facebook blad dop vir al die nuwe nuus!

Kersmark groete

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word vandag bedien onder die leiding van Sr Christa Pienaar van wyk 8, Sr Joey Lubbe van wyk 25 en Sr Loretha de Vries van Wyk 27 en al die susters van hierdie drie wyke in die Skuur. Baie dankie vir elke suster wat kom help met die skink en opwas!

POEDINGTAFEL

'n Spesiale woord van dank aan die susters wat so gereeld vir ons poeding bring vir die poedingtafel. Die fondse / donasies vir poeding word aangewend vir die koningskinders. 'n Donasie bedrag van R8.00 per bakkie is welkom!

BLIKKIES WARMHARTE

Onthou van jou "warmharte" blikkies - bring vir ons koeldrankblikkies vol van lastige kleingeld en plaas die blikkie in die voorportaal van die kerk. Die geld word gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir persone wat deur beproewing gaan.

PROGRAM VIR DIE KWARTAAL

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
30 Jul	**Dinsdag**	**18:00**	**Wyksusters**	**Wyksustersvergadering**
13 Aug	**Dinsdag**	**19:00**	**Blok A**	**Sustersamekoms**
24 Aug	Saterdag	08:30	Blok B	Kerkraad: toerusting
08 Sep	Sondag	19:00	Blok C	Ouderlingevergadering - verversings
14 Sep	Saterdag	17:00	Blok D	Nagmaalete

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!



KWALITEIT – BETROUBAARHEID - ONDERSTEUNING

WATER IS LEWE…DINK VOOR JY DRINK!

Ons dien die gemeenskap met:

- Wye reeks TRU-OSMOSE-suiweraars
- Hoogstaande kundigheid en eerlike advies;
- Slegs KLAS A produkte en onderdele.

Suiwer water ook by ons waterwinkel
(langs KFC) Retiefstraat, Potchefstroom.

Vir sorgvrye gebruik en nasorg,
skakel Pieter Bredenkamp 082 8797 507